Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 28, Nr 2, 1998. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# BOOK REVIEWS

## SO HET HULLE GESTERF: GEDENKBOEK VAN TEREGSTELLINGS VAN KAAPSE REBELLE EN REPUBLIKEINSE BURGERS TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG 1899–1902

Graham Jooste en Abrie Oosthuizen
J.P. van der Walt, Pretoria: 1998
159 bladsye
Kaart, foto's, illustrasies
ISBN 0 7993 2557 0
R85,00

Soos die subtitel aandui, is hierdie publikasie 'n gedenkboek van Kaapse rebelle en Republikeinse burgers wat gedurende die Anglo-Boereoorlog van 1899–1902 deur die Britse militêre owerhede tereggestel is. Dit is gebaseer op G. Jordaan se alombekende boek *Hoe Zij Stierven: Mededeelingen aangaande het einde dergenen, aan wien gedurende den laatsten oorlog, in de Kaap-Kolonie, het doodvonnis voltrokken is* wat in 1904 deur De Stem-Drukkerij, Burgersdorp uitgegee is. (HAUM het laasgenoemde werk in 1944 uit Nederlands na Afrikaans vertaal en onder die titel *Só het hulle gesterf* gepubliseer.) Jordaan se werk is volgens die skrywers "steeds een van die betroubaarste verwysingsbronne" oor hierdie teregstellings, aangesien dit slegs twee jaar ná die oorlog geskryf is, "toe die gebeure nog vars in die geheue van familie en naasbestaandes was" (p.11). Dit bestaan uit 'n versameling briewe en vertellings wat Jordaan gepubliseer het net soos hy dit van die familie en naasbestaandes van die tereggesteldes ontvang het, maar is nie 'n volledige rekord van alle teregstellings nie. Jooste en Oosthuizen het dus naas Jordaan se werk ook 'n wye verskeidenheid publikasies wat die afgelope eeu oor die Kaapse rebelle verskyn het, geraadpleeg. Daarby het hulle talle argiefstukke, foto's en geskrifte in argiefbewaarplekke, museums, biblioteke en privaat besit, asook vele inskripsies op monumente en grafstene tydens hul navorsing vir die boek ontgin. Die inhoud van die boek is in twee dele verdeel. Deel I handel oor teregstellings in Kaapland en Deel II oor teregstellings in die Boererepublieke. Die publikasie sluit 'n kaart van Suid-Afrika in, waarop aangedui word waar al die teregstellings plaasgevind het. Die werk word met talle foto's en sketse toegelig en deur bronverwysings ondersteun.

Jooste en Oosthuizen wys in Deel I daarop dat die Kaapse rebelle nie rebelle in die konvensionele sin van die woord was nie. Hulle het hulle wel aan hoogverraad skuldig gemaak deurdat hulle die wapen teen hul wettige owerheid opgeneem het, maar dit het vir hulle "beslis nie gegaan om hul wettige regering wat hul help verkies het omver te werp nie, maar om die Republieke te help in hul onafhanklikheidstryd" (p.25). Hulle ontleed ook vlugtig die funksionering van die Britse militêre howe wat die rebelle verhoor het en wys op die gebrekkige prosedures wat in daardie verband neergelê is. Hulle toon voorts aan hoedat die verhooroffisiere hulle bitter min aan die voorgeskrewe prosedures en die konvensies van beskaafde oorlogvoering gesteur het en hoedat individue (soms onskuldig) op grond van karige en selfs ooglopend verdagte getuienis veroordeel en tereggestel is. Hulle beskryf ook hoe 'ongewenste elemente' telkens gedwing is om die openbare teregstellings, hetsy aan die galg of voor die vuurpeloton, by te woon om hulle te ontmoedig om die Boeresaak te steun. Die outeurs kon slegs vier teregstellings by die 40 voeg wat oorspronklik in Jordaan se werk opgeneem is, te wete dié van P. de Ruyt, C.L. Vermaas, H. Rittenberg en A. van Onselen (pp.97 – 104). Waar Jordaan se werk

egter bloot bestaan uit 'n versameling briewe en vertellings wat hy van die familie en naasbestaandes van die tereggesteldes ontvang het, bespreek Jooste en Oosthuizen elke geval in konteks teen die breë verloop van die oorlog. Hulle lig ook telkens die bespreking met stawende dokumente soos klagstate, mediese verslae en dies meer toe. Jooste en Oosthuizen het dus deur hul navorsing daarin geslaag om in Deel I van hul boek aansienlik op Jordaan se werk uit te brei.

Deel II van Jooste en Oosthuizen se werk is in sy geheel 'n nuwe toevoeging tot Jordaan se oorspronklike werk. Daarin word die teregstelling van 22 burgers en burgerlikes ná verhore deur Britse militêre howe, asook 'n verdere 24 teregstellings sonder verhoor bespreek; laasgenoemde verwys spesifiek na die opspraakwekkende 'moord-orgie' (p.224) van 'Breaker' Morant se *Bushveld Carbineers* in Noordoos-Transvaal, waartydens Boere, burgerlikes en kinders op koelbloedige wyse tereggestel is. Deel II is baie meer oorsigtelik as Deel I en beslaan slegs 45 bladsye teenoor die 165 bladsye van laasgenoemde. Dié wanbalans is volgens die skrywers aan 'n gebrek aan bronne (pp.187, 188) te wyte. Dit is egter duidelik dat alle beskikbare bronne nie uitgeput is nie; daar is byvoorbeeld geen enkele werk wat spesifiek oor die optrede van 'Breaker' Morant en die *Bushveld Carbineers* handel, geraadpleeg nie.

Die werk word afgesluit met 'n kort evaluering van die Britse optrede in Suid-Afrika aan die hand van die Haagse Konvensie, meer spesifiek in soverre dit die teregstelling van rebelle, republikeinse burgers en andere aangaan. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat die "onregverdige en onbillike maatstawwe waarmee die tereggesteldes geoordeel is en die valse gronde waarop hul ter dood veroordeel is ... van die regspleging van die Britse howe 'n bespotting gemaak (het). Tog was die teregstellings as sodanig nie 'n oortreding van die Konvensie nie. Wat wel 'n skending van reg en geregtigheid was, is die feit dat die oorwinnaar nie ook voor 'n hof gedaag is om hom teen dergelike aanklagte te verdedig nie" (p.231).

Synde 'n gedenkboek, is die werk, soos die skrywers dit ook onomwonde stel (p.10), op die Afrikaner gerig en daarom tot 'n mate 'n subjektiewe uitkyk op die gebeure. Dit is nietemin 'n uiters leesbare boek wat 'n aanwins vir die boekrak van beide die historikus en die gewone leser sal wees.

*Lt Col G.E. Visser, Departement Krygsgeskiedenis, Universiteit van Stellenbosch*

## IF WAR COMES TOMORROW. THE CONTOURS OF FUTURE ARMED CONFLICT

M.A. Gareev (translated by YV Fomenko and edited by Jacob W. Kipp)
Frank Cass, London: 1998
Series on Soviet (Russian) Military Theory and Practice
180 pages
Illustrated
ISBN 0 7146 4368 8
Price not available

The concept of future war and the controversial concept of a revolution in military affairs represent concepts and an evolving debate that could easily be perceived to be a pure American concept. The fact however is that Russian thinking on military theory and practice contains a strong line of thinking and concurrent ideas on this issue.